




'n Pleidooi van die donkies

Gun ons asseblief die voorreg om ons lewens met waardigheid af te sluit.



A culture of caring since 2007

'n Erflating aan Eseltjiesrus Donkey Sanctuary is 'n eenvoudige maar effektiewe manier om te verseker dat u deernis vir hierdie nederige diere voortleef.

U hoef nie welaf te wees om donkies in nood te help nie. 'n Klein bedraggie sal 'n groot verskil maak.

'n Erflating kos u op die oomblik niks nie, maar bevestig u belofte en passie om gehoor te gee aan die donkies se pleidooi.

Nadat u vir u geliefdes voorsiening gemaak het in u testament, kan u dan u toekenning aan Eseltjiesrus maak. Dit kan 'n spesifieke bedrag wees, of eiendom, 'n polis of die restant van u boedel. Dit sal verseker dat ons kan voortgaan om 'n veilige hawe te bied aan donkies wat uit haglike omstandighede gered moet word en ook om donkies elders deur bystand en opleidingsprogramme te help.

'n Erflating aan 'n geregisteerde welsynsorganisasie geniet belastingverligting. Eseltjiesrus Donkey Sanctuary is so 'n geregisteerde welsyns-organisasie.

- 'n Erflating aan Eseltjiesrus kan die besparing van boedelbelasting verseker.
- 'n Erflating van 'n vaste eiendom aan Eseltjiesrus kan u die betaling van boedelbelasting en kapitaalwinsbelasting spaar.
- 'n Erflating van 'n lewenspolis kan ook 'n besparing van boedelbelasting meebring.

Lulu is met 'n erg beseerde been en in 'n slegte toestand gered. Vandag is sy een van ons gelukkigste donkies.



U hoef nie u testament oor te skryf nie; 'n kodsil (byvoegsel) is 'n eenvoudige manier om u wense aan te dui. Ons kan 'n voorbeeld hiervan aan u stuur.

Maak asseblief seker dat u Eseltjiesrus korrek identifiseer in u testament, nl:
Eseltjiesrus Donkey Sanctuary
Posbus 29, McGregor, 6708, Suid-Afrika
Tel: +27 (0)23 625 1593
info@donkeysanctuary.co.za • www.donkeysanctuary.co.za
NPO 056-575 • PBO 930028734

Skakel gerus met ons vir enige verdere inligting wat u benodig.

Dankie dat u omgee – u deernis vir hierdie hartsaak sal voortleef!

